



# Ark Blitz



## Les 17 - GOD HOOR SY KINDERS ROEP maats lees: Eksodus 2:1-25

Soms is die lewe baie deurmekaar en niks maak sin nie. Die lyne is baie deurmekaar. Verlede week het ons gehoor hoe swaar die Israeliete gekry het en hoe die farao planne gemaak het om die Israeliete minder te maak. Vandag gaan lees hoe God se antwoord begin by die geboorte van 'n seuntjie wat uit die water gehaal word en wie die naam Moses kry en hoe God Hom die leier maak om die swaarkry-mense (Israeliete) te help. Jogebed 'n Israelietse vrou uit die stam Levi het swanger geraak in die tyd toe die farao al die baba seuntjies doodgemaak het. Haar man se naam was Amram. Hulle het ook 'n dogter, Mirjam gehad. Toe Moses gebore is, het Jogebed 'n plan bedink om haar seuntjie se lewe te red. Sy het 'n mandjie van biesies gevleg en dit met teer waterdig gemaak. Sy het haar drie maande oue seuntjie in die mandjie gesit en hom by die Nyl gaan neersit. Sy het gehoop iemand sou hom daar kry en vir hom sorg. Mirjam het tussen die riete op die oewer van die Nyl weggekrui om te kyk wat met haar boetie gebeur. Sowaar! Iemand kry toe wel vir Moses daar tussen die riete en red sy lewe. En dit was nie sommer enigiemand nie. Nee! Die Egiptiese prinses, die farao se dogter, het vir Moses daar gekry. Mirjam het onmiddellik vir die prinses gesê sy sal 'n Israelitiese vrou gaan soek wat vir Moses kon sorg totdat hy oud genoeg was om verder deur die farao se dogter in die paleis grootgemaak te word. En wie was hierdie vrou? Natuurlik Moses se eie ma, Jogebed! Wat 'n slim plan van Mirjam! Die prinses het self aangebied om vir Jogebed te betaal om vir klein Moses te sorg. Ongelooflik!


Moses het in die farao se paleis grootgeword. Daar het hy leer lees en skryf. Hy het alles van die Egiptiese kultuur leer ken. Hy was 'n Israelitiese seun ('n Hebreër) wat soos 'n Egiptiese seun grootgeword het. Alles wat hy later sou nodig hê om die leier van die Israeliete te word, het hy in die farao se paleis geleer. Natuurlik het hy nie toe al geweet wat vir hom voorgelê het nie. Net die Here het dit geweet. Is dit nie wonderlik hoe die Here alles mooi in plek laat val het in Moses se lewe sodat hy gereed sou wees vir wat later sou gebeur nie?

Op 'n dag het alles in Moses se lewe egter deurmekaar geraak. Hy het eendag baie kwaad geword toe hy sien hoe 'n Egiptiese man 'n Hebreër ('n Hebreër is 'n ander naam vir die Israeliete, Moses se mense) slaan. Hy het sy humeur verloor, die Egiptenaar doodgeslaan en hom sommer onder die sand begrawe. "Dankie tog!" het Moses gedink. "Niemand het my gesien nie." Maar iemand het hom gesien, een van sy eie mense. Die volgende dag het hy gesien hoe twee Israelitiese mans baklei. Hy staan toe nader om hulle te keer, maar tot sy verbasing sê hulle vir hom: "Jy het dan self 'n Egiptenaar doodgeslaan!" Moses het hom boeglam geskrik. Hy het besef hy was in groot moeilikheid. As hierdie twee mans van die moord geweet het, was dit net 'n kwessie van tyd voordat almal sou weet, ook die farao. En die farao sou hom doodmaak. Toe vlug Moses ver weg, tot in Midian. Hy het geweet niemand sou hom daar kon kry nie.

In Midian het hy Reuel se dogters ontmoet toe hy hulle by 'n put gehelp het om hulle kleinvee te laat suip. Hulle het hom na hulle pa se huis toe genooi. Moses het daar gebly en op een van Reuel se dogters verlief geraak. Haar naam was Sippora. Moses en Sippora het getrou en 'n seun gehad. Hulle het hom Gersom genoem; dit beteken "n vreemdeling in 'n vreemde land". Dit is presies wat Moses was: 'n vreemdeling in 'n vreemde land.

Baie jare later het dit bitter sleg gegaan met die Israeliete omdat die farao hulle as slawe gebruik en hulle onderdruk het. In al hierdie jare het die volk tot God gebid om hulle te red. Hulle het aanhou bid, vra, pleit en kerm by die Here. Die Here het sy volk, die Israeliete, se gebede verhoor. Hy het gedink aan die liefdesooreenkoms (verbond) wat Hy met Abraham, Isak en Jakob gesluit het. Op grond van hierdie liefdesooreenkoms het Hy besluit om sy volk uit die slawerny in Egipte te red. Die Here is altyd getrou. Hy kom altyd sy beloftes na.

Uiteindelik lyk dit vir ons asof die lyne by mekaar uitkom en 'n prentjie begin vorm. Dinge wil-wil in plek begin val. Die pad wil-wil begin duidelik word.....



1. Swaarkrytyd. Hoor God?
2. Ja, God hoor.
3. God se antwoord begin by die geboorte van 'n seuntjie wat uit die water gehaal word en wie die naam Moses kry.
4. God gaan Hom die leier maak om die swaarkry-mense (Israeliete) te help.

